



Dendron

Tydskrif van die Dendrologiese Vereniging, die Boomkunde en Bewaringsvereniging van Suid-Afrika
Magazine of the Dendrological Society, the Tree Science and Conservation Society of South Africa

Nr / No 56 Februarie 2025 / February 2025



EDITOR / REDAKTEUR:

Naas Grové

LAYOUT / UITLEG:

Purple Tree Designs
purpletree@mweb.co.za

COVER PHOTO:

Willem Frost

PUBLISHER / UITGEWER:

Dendrological Society of South Africa /
Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika

ADVERTISING / ADVERTENSIE:

secretary@dendro.co.za /
administration@dendro.co.za

MEMBERSHIP / LIDMAATSKAP:

administration@dendron.co.za

ADDRESS / ADRES:

Honorary Secretary / Ere-Sekretaris
Postnet 2054, Private Bag / Privaatsak 82234
Rustenburg, 0300
secretary@dendro.co.za /
administration@dendro.co.za

PHONE / FOON:

+(27) 82 575 4244


EMAIL / E-POS:

administration@dendron.co.za

WEBSITE / WEBWERF:

www.dendro.co.za

<https://www.facebook.com/DendroSA>



Xanthocercis zambesiaca – njalaboom / nyalatree

Photo – Willem Frost





Die ingewikkelde web van lewe rondom ons

In die natuur se diversiteit word individue geproduseer – niks meer nie. Die ontelbare getalle lewende dinge is oorweldigend, en ons word deur ons nuuskierigheid gedwing om dit in 'n order te rangskik wat vir ons sin maak.. Hierdie is mensgemaakte name om sin te maak van die biologiese diversiteit. Dit beteken nie dat die lewende voorwerp vir wie ons die naam gegee het, homself aan dié naam sal herken nie. Dit maak egter nie saak nie, want uiteindelik sal dit ons waardering en soeke na begrip van hierdie ingewikkelde web van lewe rondom ons verdiep.

To do that it requires us to recognise the depth of the interconnectedness of all living things. We do not live in a bubble. All our actions, positive and negative have potentially far-reaching impacts on all living things and the environment. We share this *Pale Blue Dot* as Carl Sagan refers to our planet earth, with countless other species and here are a few ways to deepen our appreciation:

- Recognise the crucial role played by each species, no matter how small or big, from pollinators like bees to the apex of the food chain where the big cats reign – everyone contributes to the stability and health of the environment
- Preserving natural ecosystems is vital for

maintaining biodiversity. This can be done by establishing and expanding protected areas, to promote sustainable agricultural practices, and participate in reforestation, wetland restoration and waste land rehabilitation initiatives.

- Support and join conservation organisations and raise awareness about the importance of ecosystems and diversity to ensure the well-being of future generations
- We all know about symbiotic relationships and how they have evolved on one another for survival. Where would we be without the fascinating symbiotic relationships between lichens, mosses, fungi, algae, wasps and bacteria – all are a fundamental aspect of the existence and evolution of life on Earth.

If we want to succeed in understanding and appreciating this uniqueness of nature producing individuals, we will have to be serious about addressing the challenges facing us. We need collaborate efforts, increased law enforcement and community engagement to ensure the preservation of South Africa's unique and diverse biodiversity.

Naas Grové
February 2025




Tree of life – AI generated picture (Freepik Content Licence Agreement Clause 8)

INHOUD / CONTENT



CAM photosynthesis in succulent plants. Why do they grow so slow? A physiological outlook.	6
Die gebruik en impak van die tradisionele medisyne kultuur op die inheemse bome van Suid-Afrika	12
Soetany'sberg	22
The Flora of the Galápagos Islands	30
Frost damage observed in Pretoria after very cold weather in July 2024	40
Die ionakanniedood (<i>Commiphora omundomba</i>), 'n nuwe boomspesie vanuit Angola en Namibië	44





SOUTHERN BEECH FORESTS, with special reference to the temperate rain forests of New Zealand	46
PIONIERSJAG - 'n Dendrologiese perspektief	52
Changes to the list of Southern African indigenous trees	55
The National Register of Big Trees© in South Africa - Annual Report	62
Jaarverslag: Pilanesbergtak, Rustenburg	67
Jaarverslag: Waterbergtak	69
New publications	70
Meg Coates Palgrave Eulogy	71



CAM photosynthesis in succulent plants

Why do they grow so slow? A physiological outlook.

Hendri Pretorius. M.Sc., Plant Physiology, University of the Free State

Senior Officer: Professional Services

Plant Sciences

Faculty: Natural and Agricultural Sciences

PO Box 339, Bloemfontein 9300, Republic of South Africa

051 401 9787 | HPPretorius@ufs.ac.za

Owner and founder of Sukkelenten (Pty) Ltd. (T/A Future Plants)



INTRODUCTION

Photosynthesis is widely studied area within the realm of plant physiologists. Photosynthesis occurs in all “green” living organisms like plants, green algae and some protist and bacteria. Many studies related to the topic has been done in the past and continues to this day. Research in photosynthesis presents an orderly historical development leading to the present understanding thereof. The groundwork for the current understanding of photosynthesis was done in 1905 by F. Blackman, where it was established, that photosynthesis is a two-part process (Blackman, 1905).

These two processes are called the “light dependant”, or “light reaction” and the other is the “light independent” or “dark reactions”. The latter was discovered and studied in detail by Melvin Calvin in 1950 (Bassham *et al.*, 1950) and was named the “Calvin cycle”. These are fascinating process which involves the bare minimum input of elements, eventually leading to the production of sugars and other compounds. Photosynthesis is basically the process in which plants absorb radiation energy (light energy) and convert it to chemical energy. This in turn is used to convert inorganic carbon dioxide (CO_2) from the atmosphere and water (H_2O) from the soil to organic molecules ($\text{C}_6\text{H}_{12}\text{O}_6$; Glucose), releasing oxygen (O_2) and water (H_2O) as byproducts. Photosynthesizing plants and green algae are the primary producers on earth which allows most food chains to function and ultimately ensures the survival of most species (Salisbury and Ross, 1991).

Numerous plant species live in arid climates, among which are the succulent plants. These types of plants have both constitutive and metabolic adaptations to deal with drought conditions. Succulents have xeric characteristics like thick cuticle, sunken stomata, low surface to volume ratio, low transpiration rates and adapted photosynthetic pathways to name a few. Most of their leaves or parts of the plant have special adaptations to store water. These plants usually lack a well-developed palisade layer of cells, and most of the leaf or stems consists of spongy mesophyll cells in which water is stored in the large vacuoles (Gibson, 1982).

There are basically 3 types of photosynthesis that occurs in plants. The first type of photosynthesis occurs

in the so called C_3 plants and occurs in the majority of plants species. These plants use a 3-carbon molecule in the Calvin cycle know as 3-phosphoglycerate (3PGA) to generate glucose. All the steps occur within the cell and is not separated by time or location within the cell. The second type of photosynthesis occur in C_4 plants which use a four- carbon molecule, Oxaloacetate (OAA), to produce sugars in the Calvin cycle. In C_4 plants, the steps occur in different cells within the plants, but at the same time during the day. Lastly, CAM (Crassulacean Acid Metabolism) uses the same C_4 carbon molecule, OAA, to produce sugars, but in this case the steps happen in the same cell, but at different times of the day (night and day) (Ranson and Thomas, 1960; Russell *et al.*, 2019).

Plant physiologists observed that succulent plants have a different type of photosynthesis compared to other plants. The mechanism of photosynthesis in succulent plants was first studied in the family Crassulaceae, therefore the process was named after the family (Crassulacean Acid Metabolism; CAM) (Ranson and Thomas, 1960). CAM is present, but not limited to approximately 25 other plant families including the Orchideaceae, Bromeliaceae and Euphorbiaceae. (Russell *et al.*, 2019).

Plants which photosynthesize using CAM usually grow in arid, or water stressed regions like deserts or semi-arid areas and even salt marshes. Like all plants, succulents must photosynthesize, meaning they must obtain water (H_2O) from the soil and absorb carbon dioxide (CO_2) from the atmosphere. Succulent plants usually do not open their stomata during the day because that will lead to a higher rate of water loss through transpiration (Salisbury and Ross, 1991). That also results in gas exchange being limited during the day. Furthermore, light is not available during the night when stomata are open. If CO_2 is unavailable during the day, and light is unavailable at night, these plants need to have an adapted metabolism in order to photosynthesize. This is done by fixing CO_2 into Malic acid at night when stomata are open. Then, during the day, Malic acid is broken down in the presence of light and metabolized into the needed sugars ($\text{C}_6\text{H}_{12}\text{O}_6$) in the Calvin cycle. CAM happens two phases divided by time.

PHOTOSYNTHESIS – THE PROCESSES

To understand CAM photosynthesis, we must first address photosynthesis as a concept. The minimum equation for photosynthesis is give below:



These steps have a vast array of chemical reactions.

These processes happen in the so called “light dependant” and in the “light independent” reactions. C_3 photosynthesis happens in the majority of plant species and is the basis on which C_4 and CAM is based. Therefore, C_3 photosynthesis must be addressed first in order to understand C_4 and CAM.


C_3 photosynthesis

C_3 PHOTOSYNTHESIS LIGHT DEPENDENT REACTIONS:

During the light dependent reactions (light phase), chlorophyll molecules in the chloroplasts absorb light energy, which excite electrons to higher energy levels. Using the splitting of water as a source of electrons and protons the absorbed energy is temporarily trapped in Nicotinamide adenine dinucleotide phosphate (NADPH) and Adenosine triphosphate (ATP; energy). These two products play a critical role during photosynthesis. Light-absorbing pigments like chlorophyll are bound to proteins and other molecules in thylakoid membranes (lamellae and grana). Within the chloroplasts, there are two large protein complexes called the photosystems (I and II). The light energy harvested form the sun moves through these photosystems, ultimately yielding NADPH and ATP (Figure 1).

Red light contains the exact amount of energy to excite the electrons in the antenna complex of both photosystems. Both photosystem I and II contains each its own unique pair of specialized chlorophyll molecules (reaction centres), as it differs in the red-light wavelength required to excite its electrons (700nm and 680nm).

The light dependent reaction of photosynthesis is based on the “linear flow of electrons” to drive the light dependent reactions and is also known as the Z-scheme (Figure 1.) The Z-scheme refer to electrons that move in a typical “Z” form. The scheme presents the relative position of the different electron transport clusters (mostly protein complexes) within the thylakoid membranes. (Russell *et al.*, 2019).



© 2017 Cengage Learning. All Rights Reserved.

Figure 1: The Z-scheme depicting the flow of electrons form the harvesting pigments to NADPH and ATP (Russell *et al.*, 2019).

The second phase of photosynthesis, which is light independent, deals with the fixation of atmospheric CO_2 into organic molecules ($\text{C}_6\text{H}_{12}\text{O}_6$) through the Calvin cycle (Figure 2). The Calvin cycle occurs in the stroma of the chloroplast. The process requires energy (ATP) and NADPH from the light dependent reactions, occurring in and on the thylakoid membranes of the chloroplast.

The Calvin cycle occurs in three phases. The first phase is Carbon fixation where CO_2 is added to ribulose 1,5 biphosphate (RuBP), which is a five carbon molecule. The resultant is an unstable six carbon molecule which is immediately cleaved into two identical three carbon molecules, 3-phosphoglycerate (3PGA). The enzyme responsible for this is RuBP carboxylase/oxygenase (Rubisco). The correct scientific name is Ribulose 1,5 biphosphate carboxylase/oxygenase, which is a dual

function enzyme since it has the affinity to bind CO_2 or O_2 . Plants fixing CO_2 in this way is known as C_3 plants, hence the 3C 3PGA which is the starting block molecule in the Calvin Cycle.

Phase two is the reduction phase and happens in two steps. Phosphorus from ATP and electrons and protons from NADPH reduces 3PGA to Glyceraldehyde-3-phosphate (G3P). The fate of G3P is to regenerate RuBP and exits the cycle to build the six-carbon molecule, glucose ($\text{C}_6\text{H}_{12}\text{O}_6$). Glucose is the final product of photosynthesis.

The third phase of the Calvin cycle is the regeneration phase. G3P is concerted back to the acceptor molecule, Ribulose 1,5-biphosphate, which completes the Calvin cycle. This is a multistep phase but is simplified in Figure 2 showing it as a single step (Russell *et al.*, 2019).




Figure 2: The Calvin-Cycle. Note the three steps during the Calvin-Cycle, carbon fixation, reduction and regeneration (Russell *et al.*, 2019).

To fully understand the Calvin cycle, the following is important. During each turn, one CO_2 is converted into a one carbon precursor molecule (CH_2O). Thus, it takes three turns ($3 \times \text{CO}_2$) to produce a single molecule of G3P. It takes six turns ($6 \times \text{CO}_2$) to produce two molecules of G3P. A fourth phase in carbon fixation lies

outside the Calvin cycle. This generates a six carbon molecule namely glucose ($\text{C}_6\text{H}_{12}\text{O}_6$). Thus, G3P, a three carbon molecule is the primary building block of organic glucose ($\text{C}_6\text{H}_{12}\text{O}_6$) and two G3P molecules are required to produce a single glucose molecule.



C₄ PHOTOSYNTHESIS AND PHOTORESPIRATION

To address C₄ and CAM photosynthesis, we must also understand why plants use alternative types of photosynthesis opposed to C₃ photosynthesis. Photorespiration is the main driving force for the use of alternative types of Photosynthesis as well as the ability of Rubisco to act as a dual function enzyme.

Photorespiration:

What is photorespiration? Photorespiration is a respiratory process in many higher plants by which they take up O₂ during the day and release CO₂, which is contradicting the general process of photosynthesis. This can cause a buildup of O₂ in cells, of which the plants must metabolize. As light intensity and temperatures increases, so does the rate of photorespiration.

Photorespiration occurs because of the evolutionary development of Rubisco to accept both CO₂ and O₂ as substrates. These processes occur in the presence of light and the rate at which photorespiration occurs depends on the concentrations of O₂ and CO₂ in the cells. With insufficient gas exchange in succulents during the day, there is a buildup of O₂ in the cell. Rubisco then binds O₂ instead of CO₂ to form one molecule of 3PGA and an unstable molecule of Phosphoglycolate. This is counterproductive to photosynthesis, as it releases CO₂ instead of fixing it, while wasting ATP and NADPH in the process. Detoxification through photorespiration reduces overall photosynthesis efficiency and impairs plant growth. To overcome or prevent the effect of photorespiration, a small group of plants had evolutionary evolved different photosynthetic mechanisms namely C₄ & CAM photosynthesis.

C₄ Photosynthesis:

To make the C₄ pathway possible, unique metabolic and morphological adaptations need to be in place.

Morphological adaptations include cell arrangement where mesophyll cells are close to stomata and surround specialized bundle sheath cells surrounding the vascular tissue (phloem). This cell arrangement is known as the Kranz anatomy. The first CO₂ fixation occurs in the mesophyll cells and the final carbon fixation through the Calvin cycle in the bundle sheath cells, thus a "Division in labour".

Some plants in hot, dry environments use the C₄ mechanism to minimize photorespiration. C₄ plants have different leaf cells namely the mesophyll cells and bundle sheath cells. There is a "division in labour" between these cells, each with its own specialization. In the mesophyll cells, CO₂ diffuses through open stomata from atmosphere into the cells. CO₂ reacts with phosphoenolpyruvate (PEP) in the stroma of the cell to form oxaloacetate (OAA), a four-carbon molecule, hence the name C₄ photosynthesis. The enzyme responsible for fixing CO₂ is PEP carboxylase. OAA is reduced to a transportable product, Malate (Figure 3).

In the bundle Sheath cells, Malate is transported from mesophyll cells to bundle sheath cells. Malate is de-carboxylated to Pyruvate, releasing CO₂ at the level of Rubisco, forcing its carboxylation function. Rubisco fix CO₂ through the Calvin cycle producing glucose (C₆H₁₂O₆), using ATP and NADPH from the light dependent reactions. Pyruvate is transported back to the mesophyll cell where it is converted back to PEP, using ATP and NADPH from the light dependent reactions. This completes the preceding CO₂ fixing, concentrating and transport mechanism in C₄ plants. C₄ plants are more efficient at fixing CO₂ than C₃ plants but require more ATP. The additional ATP comes from the cyclic electron flow system (Russell et al., 2019).




Figure 3: C₄ Photosynthesis. This type of photosynthesis occurs in two different adjacent cells, namely the mesophyll- and Bundle sheath cells (Russell et al., 2019)

THE CAM PATHWAY:

Plants making use of CAM photosynthesis essentially uses the same steps as the C_4 pathway, but with the following differences. There is no specific cell arrangement (Kranz anatomy) as in C_4 plants and the leaves of these plants consists of mesophyll cells only. Carbon fixation and the Calvin cycle both occur in the mesophyll cells but occur at different times. Thus, the process happens as a "Division in time". The first Carbon fixation (CO_2) occurs at night and the second carbon fixation happens during the day (Calvin cycle) (Figure 4).

CAM plants like cacti and other succulent plants can survive in dry regions, where the days are hot, and the nights are colder. To survive, these plants must conserve water as far as possible. From the minimum equation of photosynthesis, water is one of the elements needed during photosynthesis. Since water is a limiting factor

in arid regions, CAM plants open their stomata at night when temperatures are lower to fix CO_2 into OAA, which is then converted to malate. Since its dark and no light available for photosynthesis, Malate accumulates and is transported to the large vacuoles as Malic acid. During the day, the stomata close to conserve water, limiting the entry of CO_2 into the cells. Malate diffuses passively from the vacuoles where it is de-carboxylated to pyruvate to release CO_2 . Pyruvate is converted back to phosphoenolpyruvate (PEP) by Rubisco (Ribulose 1,5-bisphosphate carboxylase/oxygenase) and is stored. At night, stomata open to absorb CO_2 to complete the cycle. Like C_4 plants, CAM uses the same 2 carboxylation enzymes. PEP carboxylase is used during the night fix CO_2 and Rubisco is used during the day, until the malate pool is depleted. Of all plants, CAM plants grow the slowest, due to limited PEP / Malate pool sizes. (Russell *et al.*, 2019).




Figure 4. CAM photosynthesis. Highlighted in grey are the steps occurring during the night and below that the steps occurring during the day when light is present (Calvin cycle) (Russell *et al.*, 2019)

CAM photosynthesis is not an obligate pathway. If stomata are open during the day, CO_2 may be absorbed and fixed in a usual way, bypassing CAM. CAM photosynthesis is in fact quite inefficient, but

it does permit photosynthesis to continue under extreme xeric conditions. CAM Photosynthesis is thus not a replacement for C_3 photosynthesis, but rather a precursor to C_3 photosynthesis.

CONCLUDING REMARKS

Plants growing in arid, or water depleted areas must be morphologically and physiologically adapted to survive the extreme conditions. Succulents which photosynthesize using CAM has a much slower rate of photosynthesis than plants using alternative methods of photosynthesis. Because there is a two-part photosynthesis divided by time, these plants have an overall slower metabolic rate. If water is frequently a limiting factor in plant growth, why are there not more plants using CAM photosynthesis? Reason partially is that CAM photosynthesis results in slow growth because it is energy expensive. CO₂ accumulation during the

night is less efficient than during the day when it is accompanied directly by CO₂ assimilation through photosynthesis (Edwards *et al.*, 1982). CO₂ is fixed into malic acid where after it is transported to storage vacuoles, a process requiring much ATP (Lüttge *et al.*, 1982). During the subsequent day period, the malic acid is further metabolized to CO₂ before photosynthesis occurs. It appears that slow growth is a consequence of high energy input, a negative aspect of CAM. Thus, Extreme light and prolonged water scarcity and high energy input during CAM are the key factors limiting the growth rate of succulent plants.

REFERENCES

- Bassham, J., Benson, A. and Calvin, M. 1950. The path of carbon in photosynthesis. *J Biol Chem.* 185 (2): 781–7.
- Blackman, F. 1905: (with Gabrielle Matthaei). A Quantitative Study of Carbon Dioxide Assimilation and Leaf Temperature in Natural Illumination, *Philosophical Transactions of the Royal Society at London via Jstor.*
- Edwards, G. E., J. G. Foster, and K. Winter. 1982. Activity and intracellular compartmentation of enzymes of carbon metabolism in CAM plants, pp. 92–111. In I. P. Ting and M. Gibbs [eds.], *Crassulacean acid metabolism.* Amer. Soc. Pl. Physiol., Rockville, Md.
- Gibson, A.C., 1982. The anatomy of succulence. P 1 – 17 in I.P. Ting and M. Gibbs (eds), *Crassulacean Acid Metabolism.* Waverly Press, Baltimore.
- Lüttge, U., J. A. C. Smith, and K. Winter. 1982. Membrane transport, osmoregulation, and the control of CAM, pp. 69–91. In I. P. Ting and M. Gibbs [eds.], *Crassulacean acid metabolism.* Amer. Soc. Pl. Physiol., Rockville, Md.
- Ranson, S.L. and Thomas. M. 1960. Crassulacean acid metabolism. *Annual Review of Plant Physiology.* 11 (1): 81–110.
- Russel, P.J, Paul, E.H., McMillan, B. and Benington, J.H. 2019. *Biology: The dynamic Science.* 5th Edition. P 182. Cengage. Boston. ISBN 978-0-357-134890-0.
- Salisbury, F.B. and Ross, C.W., 1991. *Plant Physiology,* 4th Edition. p. 242 – 243. Wadsworth Publishing Company, Belmont, California.



Die gebruik en impak van die tradisionele medisyne kultuur op die inheemse bome van Suid-Afrika

Dr Johan van der Hoven (teorie komponent ter gedeeltelike voltooiing van die Dendroloog Vlak II eksamen)

Die gebruik van inheemse plante deur veral tradisionele gemeenskappe en tradisionele genesers van alle bevolkingsgroepe kom wydverspreid in Suid-Afrika voor. Beperkte kennis daaromtrent deur beide die algemene bevolking en boomliefhebbers is ongelukkig die *status quo*. Selfs onder meer gesofistikeerde gedeeltes van die bevolking, is daar 'n toenemende voorkeur vir "natuurlike" medisyne. Medisyne in die vorm van fyngemaalde boombas gemeng met dooie kewers, akkedismis en wat nog, het blykbaar meer genesingswaarde as wetenskaplik ge-ekstraerde en veredelde produkte soos opgedis

deur sogenaamde "Big Pharma". 'n Stelling soos hierdie sal natuurlik op sekere tone trap. Nietemin, daar is, as gevolg van bevolkingstoename enersyds, asook kulturele, sosiologiese, ekonomiese en vele ander faktore, toenemende druk op plante en dus ook bome vir medisinale gebruik. Baie boomspesies wat vir medisinale gebruike benut word, kan die druk wat daardeur op plantbevolking geplaas word hanteer, maar daar is ongelukkig sekere spesies, wat vir die voortbestaan daarvan, vanweë hierdie gebruike, onder geweldige druk verkeer.



'n Sakeman êrens in Afrika hard aan die werk om Prunus africana bas te versamel vir die plaaslike mark sowel as uitvoer na Europese markte met sy oes regs bo en die resultaat regs onder. (Foto met erkenning van Cunningham et al vanaf publikasie nommer 14 in bronnelys)

Daar is en word gelukkig wyd navorsing gedoen en baie gepubliseer oor hierdie verskynsel, gemik daarop om die impak op bedreigde en onbedreigde plante te identifiseer en onder die aandag te bring. Interessant egter, is dat meeste publikasies fokus op die plantkoninkryk as geheel en nie soseer net op bome as sodanig nie. Ook is meeste van die publikasies in vaktydskrifte en op akademiese platforms, wat uiteraard daartoe lei dat die lekepubliek nie so ingelig en bewus is van die omvang en spesifieke gerigtheid van die probleem nie. Hierdie skrywe sal poog om te fokus op inheemse bome spesifiek en is primêr gerig op die amateurboomliefhebber. Die oogmerk is om sy of haar belangstelling in die onderwerp te stimuleer en om hom of haar daardeur 'n

basiese kennis oor die onderwerp te laat opdoen. Hopelik sal die spesifieke teikengroep genoeg geprikkel word om die artikel enduit te lees en dan meer belangstelling in die onderwerp ontwikkel. Dit kan dan lei tot groter bewusmaking van die omvang van die praktyk en gepaardgaande probleme. Die ander groep, naamlik die professionele wetenskaplikes, natuurbewaarders, dendroloë en biodiversiteitskundiges kan dus sommer nou maar ophou verder lees as hulle dalk al tot hier gevorder het!

Enkele interessante punte:

- Meer as 30 000 verskillende plantspesies word in Suid-Afrika aangetref. (verwys - Medicinal Plants of South Africa deur van Wyk, van Oudtshoorn en Gericke, Briza Publikasies)
- Daarvan word ongeveer 10%, dit wil sê nie minder nie as 3000 benut vir medisinale gebruike.
- Wat interessant is, uit die publikasies beskikbaar, is dat daar uit die aard van die saak, gewoonlik nie onderskeid gemaak word tussen of die betrokke plant boomstatus geniet of nie. Daar word onder die bedreigde spesies as gevolg van hierdie praktyk ook nie onderskeid gemaak tussen bome en "nie-bome" nie. Die boomkyker moet dus die bome hier ter sprake, gaan uitsoek tussen al die plante, soos gelys.
- Van die plantspesies wat vir medisinale toestande gebruik word, soos gelys in die bogenoemde publikasie, geniet ongeveer 68 "boomstatus". "Boomstatus" word aan 'n plant toegeken as die plant as "boom" gelys word in die "Saklyns van Suider-Afrikaanse Bome 2014." Vir die doel van hierdie publikasie word aalwyne en broodbome wat "boomstatus" geniet, uitgesluit. Dit is nie 'n volledige lys van bome wat vir medisinale doeleindes benut word nie maar fokus op die meer algemene en meer bekende bome wat dus ook vir die amateurboomkenner meer bekend mag wees. Vervolgens 'n lys van boomspesies, wat vir die doel van medisyne benut word, geneem uit bogenoemde publikasie, tesame met die medisinale gebruik vir elke spesie.

Spesie	Medisinale gebruik
<i>Acokanthera oppositifolia</i> - boesmangif	hoofpyn, slangbyt
<i>Adansonia digitata</i> - kremetart	koors, bloed hoes
<i>Albizia adianthifolia</i> var. <i>adianthifolia</i> - platkroon	velsiektes
<i>Albizia anthelmintica</i> - wurmbasvalsdoring	intestinale parasiete
<i>Balanites maughamii</i> subsp. <i>maughamii</i> - groendoring	bilharzia, braakmiddel
<i>Bersama lucens</i> - blinkblaarwitessenhout	impotensie, infertiliteit
<i>Capparis tomentosa</i> - wollerige kapperbos	rumatiek, geelsug
<i>Catha edulis</i> - boesmanstee	hoes, asma, stimulant
<i>Croton gratissimus</i> var. <i>gratissimus</i> - laventelkoorsbessie	koors, hoes, swelling
<i>Curtisia dentata</i> - assegaai	maagkwale, afrodisiak
<i>Dodonaea viscosa</i> var. <i>angustifolia</i> - smalblaarsandolien	griep, masels
<i>Dombeya rotundifolia</i> var. <i>rotundifolia</i> - blompeer	enema
<i>Ekebergia capensis</i> - essenhout	sooibrand, disenterie
<i>Elaeodendron transvaalense</i> - bosveldsaffraan	enema, koors, diarree
<i>Erythrina lysistemon</i> - koraalboom	sere, absesse, wonde, artritis
<i>Erythrophleum lasianthum</i> - maputalandoordeelboom	migraine
<i>Euclea undulata</i> - gewone ghwarrie	hartkwale
<i>Harpephyllum affrum</i> - wildepruim	braking
<i>Heteromorpha arborescens</i> var. <i>abyssinica</i> - gewone pietersielieboom	koliek
<i>Heteropyxis natalensis</i> - laventelboom	verkoue
<i>Jatropha curcas</i> * - purgeerboontjie	wonde, purgasie
<i>Kigelia africana</i> - worsboom	sifillis
<i>Lannea discolor</i> - dikbas	diaree
<i>Lippia javanica</i> - koorsbossie	koors
<i>Ocotea bullata</i> - stinkhout	bloeddruk, oogprobleme
<i>Olea europaea</i> subsp. <i>africana</i> - olienhout	bloeddruk, nierfunksie
<i>Pittosporum viridiflorum</i> - kasuur	pyn
<i>Protea repens</i> - suikerbos	hoes, diabetes
<i>Prunus africana</i> - rooistinkhout	prostaat probleme, borspyn
<i>Ptaeroxylon obliquum</i> - nieshout	hoofpyn, rumatiek
<i>Rapanea melanophloeos</i> - Kaapse boekenhout	hartprobleme
<i>Rauvolfia afra</i> - kinaboom	koors, malaria, histerie
<i>Rhoicissus tridentata</i> subsp. <i>cuneifolia</i> - noordelike boesmansdruif	nier, blaas
<i>Salix mucronata</i> subsp. <i>woodii</i> - fluitjieswilger	rumatiek
<i>Schotia brachypetala</i> - huilboerboon	babelaas
<i>Sclerocarya birrea</i> subsp. <i>afra</i> - maroela	disenterie
<i>Securidaca longepedunculata</i> - krinkhout	tandpyn, sere
<i>Strychnos henningsii</i> - rooibitterbessie	naarheid
<i>Syzygium cordatum</i> - waterbessie	tering
<i>Tarchonanthus camphoratus</i> - kanferbos	maagprobleme
<i>Terminalia sericea</i> - vaalboom	oogprobleme
<i>Tetradenia riparia</i> - gemmerbos	respiratoriese probleme
<i>Trichilia emetica</i> subsp. <i>emetica</i> - bosveldrooiessenhout	maagkwale
<i>Vachellia karroo</i> - soetdoring	diaree
<i>Warburgia salutaris</i> - peperbasboom	slymerige hoes
<i>Zanthoxylum capense</i> - kleinknophout	winderigheid
<i>Ziziphus mucronata</i> - blinkblaar-wag- -bietjie	hoes, ekspektorant

* Meerjarige uitheemse plant, inheems aan tropiese Amerika, maar die presiese oorsprong daarvan is nog onseker

Hierdie lys is beslis nie volledig nie, maar bied 'n redelike beginpunt aan die boom liefhebber wat bome met medisinale status wil bestudeer of van kennis wil neem. Dit gee ook 'n aanduiding van hoe omvangryk

die praktyk is en hoe gereeld bekende bome onder die lys val. Vanweë gebrek aan spasie word die medisinale gebruike van elke spesie hierbo gelys nie in detail bespreek nie. Die leser word verwys na publikasies genoem vir verdere inligting. Die publikasie (Van Wyk et al) bo na verwys en bogenoemde lys fokus op die meer algemene en bekende bome hier ter sprake.

- e. Dit is vir die boomkyker sommer dadelik duidelik uit bogenoemde lys dat daar onder die lys van baie skaars tot erg talryke spesies voorkom. Sekere spesies word dus waarskynlik min geaffekteer deur die gebruike ter sprake terwyl daar spesies is wat potensieel erg bedreigd mog wees daardeur.
- f. Daar is verskeie publikasies wat lig werp op plantspesies wat deur medisinale "oes" onder druk verkeer, maar weereens word nie onderskeid gemaak tussen spesies met boomstatus en die sonder boomstatus nie. Die webspasie van die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI), is seker die beste plek om die bedreigdheidsstatus van 'n spesie uit na te vors. SANBI publiseer 'n lys van plante op die sogenaamde "rooilys", met 'n klassifikasie van hoe bedreigd 'n betrokke spesie is volgens sy "bedreigdheidsstatus". Dit is 'n baie interessante bron van inligting wat voortdurend opgedateer word.
- g. In die South African Journal of Botany 68 (2013) is daar 'n artikel deur VI Williams, JE Victor, en NR Crouch met die gepaste titel: "Red listed medicinal plants of South Africa: Status, trends, and assessment challenges"

Die fassinerende artikel rapporteer omvattend oor die gebruik en rol van plante in die tradisionele medisyne mark met interessante statistieke. Daar was toe alreeds beraam dat die praktyk meer as 70,000 ton plantmateriaal per jaar in Suid-Afrika behels met ongeveer 134 000 inkomstegenererende geleenthede. (persone afhanklik van of betrokke in die bedryf as inkomsteverdieners) Indien daar konserwatief bereken word dat elke werker in die bedryf verantwoordelik is vir die versorging van ongeveer 7 siele is ten minste 1 miljoen mense dus afhanklik van die praktyk vir hulle bestaan.

Volgens die artikel is die IUCN (The International Union for Conservation of Nature) se rooilysstelsel 'n uitstekende instrument om die taksa wat onder kort en mediumtermyn bedreiging staan te identifiseer.

Die artikel maak die gevolgtrekking dat 2,6 persent, dus ongeveer luit 38, van plante wat in hierdie groep val, dus ongeveer 0,35% van die totale inheemse bevolking van Suid-Afrikaanse flora, uitwissing in die gesig staar vanweë die oes vir medisinale gebruik.

Die getal spesies wat ernstige bedreiging in gesig staar en onmiddellike aandag vereis volgens die publikasie, tel ongeveer 170.

Weereens, in die betrokke artikel, word nie onderskei tussen plante met boomstatus en die daarsonder nie.

As die met boomstatus uitgesoek word, (boomstatus volgens die Saklys), dan tel die boomspesies wat *onmiddellike bedreiging* in die gesig staar ongeveer 40. Vir die doel van hierdie skrywe is broodbome (*Encephalartos* spesies) en aalwyne (*Aloe / Aloidendron*) met boomstatus uitgelaat. Die lys is nie volledig nie en selektief uit die publikasie net op skere plante wat boomstatus geniet gefokus, met die uitsluitlike doel om dit vir die boomkyker moontlik te maak om die belangrikste boomspesies wat vir medisinale gebruike benut word en daardeur onder bedreiging staan, te kan uitken.

Hierdie lys oorvleuel met die lys geneem uit van Wyk et al maar bevat ook 'n hele aantal spesies wat nie in die vorige lys voorkom nie. Hierdie lys konsentreer meer op die boomspesies wat bedreiging in die gesig staar en fokus ook meer op skaarser, gelokaliseerde en dus meer onbekende bome.

Die spesies in die tabel hieronder gelys val onder die meer bedreigde spesies volgens bogenoemde publikasie.

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Brackenridgea zanguebarica</i>	valslekkerbreek
<i>Synaptolepis oliveriana</i>	klimveselbos
<i>Widdringtonia wallichii</i>	clanwilliamseder
<i>Acridocarpus natalitius</i> var. <i>linearifolius</i>	smalblaarmotvrug
<i>Albizia suluensis</i>	zuluvalsdoring
<i>Adenia gummifera</i>	groenstam
<i>Cassipourea flanaganii</i>	Kaapse uiehout
<i>Balanites maughamii</i> subsp. <i>maughamii</i>	groendoring
<i>Leucospermum conocarpodendron</i> subsp. <i>viridum</i>	groenkreupelhout
<i>Cassipourea malosana</i>	uiehout
<i>Mondia whitei</i>	gemmerklimop
<i>Cryptocarya latifolia</i>	breëblaarkweper
<i>Ocotea bullata</i>	stinkhout
<i>Cryptocarya transvaalensis</i>	wildekweper
<i>Warburgia salutaris</i>	peperbasboom
<i>Elaeodendron croceum</i>	gewone saffraan
<i>Cassipourea gummiflua</i> var. <i>verticillata</i>	grootblaaruehout
<i>Ilex mitis</i> var. <i>mitis</i>	without
<i>Cryptocarya myrtifolia</i>	mirtekweper
<i>Loxostylis alata</i>	teerhout
<i>Leucadendron procerum</i>	langbeentjie
<i>Newtonia hildebrandtii</i> var. <i>hildebrandtii</i>	lebombowattel
<i>Ocotea kenyanensis</i>	noordelike stinkhout
<i>Pterocelastrus rostratus</i>	rooikershout
<i>Prunus africana</i>	rooistinkhout
<i>Rapanea melanophloeos</i>	Kaapse boekenhout

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Crassula arborescens subsp. undulatifolia</i>	kartelplakkiesbos
<i>Euphorbia sekukuniensis</i>	sekhukunenaboom
<i>Umtiza listeriana</i>	umtiza
<i>Faurea macnaughtonii</i>	terblans
<i>Adenia fruticosa subsp. simplicifolia</i>	kleingifklimop
<i>Greyia flanaganii</i>	keibaakhout
<i>Alberta magna</i>	breekhout
<i>Vitellariopsis dispar</i>	tugelabosmelkhout
<i>Combretum mkuzense</i>	maputalandboswilg
<i>Curtisia dentata</i>	assegaai
<i>Elaeodendron transvaalense</i>	bosveldsaffraan
<i>Erythrophleum lasianthum</i>	maputalandoordeelboom

Die getal spesies met die besondere status om te resorteer as "boom", sowel as op die rooilys te wees, (dus dringende aandag benodig), sowel as om vir medisinale gebruik benut te word, en nie 'n broodboom of aalwyn is nie, tel dus ten minste 40.

Die groep verander natuurlik in getal en status van jaar tot jaar en verskil ook van publikasie tot publikasie. Die syfers en name kan dus nie as 100% akkuraat beskou word nie maar gee tog 'n redelik goeie algemene indruk van die aard en omvang van die probleem..

AFLEIDINGS:

Met die bogenoemde verwysings kan die volgende afleidings gemaak word om 'n benadering deur die boomliefhebber tot die praktyk en probleem te help vorm:

- Die gebruik van wortels, bas, vrugte en alle ander gedeeltes van sekere inheemse bome vir tradisionele medisyne, deur lede van alle bevolkingsgroepe kom wydverspreid en algemeen voor en hou 'n

daadwerklike bedreiging vir die voortbestaan van sekere spesies in.

Daar word geraam dat tot 70% van die Suid-Afrikaanse bevolking van tradisionele medisyne gebruik maak.

- Besoeke aan markte wat tradisionele medisyne bemark wys ontseggelik op die massiewe gebruik en impak daarvan.



Die muthi mark van Warwick, Durban soos geadverteer in toerismebrosjures as gewilde toerismebestemming in Durban. Fotos verkry van die internet, toerismebestemmings.



Die impak op geaffekteerde spesies gaan eerder toeneem as afneem. Die "oes" van produkte is voorheen hoofsaaklik deur landelike tradisionele genesers in hulle plaaslike gebiede gedoen. Waar daar by hulle dus 'n ekonomiese belang sou wees om dit op 'n volhoubare manier te doen, het verstedeliking en die ontwikkeling van markte die daarstelling van middelmannen tot gevolg. By laasgenoemde is daar uit die aard van die saak minder van 'n aansporing tot die volhoubare "oes" van die produkte, met die onafwendbare gevolg van verergering van die bedreiging tot uitwissing van spesies.

Daar is werklik wetenskaplike bewyse dat baie van die tradisionele produkte eienskappe het wat baie ooreenstem met allopatiese produkte en dus werklike genesingseienskappe besit. Allopatiese produkte egter is meesal beter geselekteer, ontwikkel, verfyn en dosisgewys baie beter voorspelbaar in effek.

Baie, indien nie die meeste allopatiese produkte kom buitendien vanuit die plantbevolking oorspronklik.

Van die spesies wat benut word, is talryk en kom wydverspreid voor en die benutting daarvan hou nie 'n bedreiging vir die voortbestaan daarvan in nie. Ander spesies ongelukkig is laag in getalrykte, of kom in digbevolkte areas voor, of is baie gelokaliseerd in stand, wat daardie spesies dus baie meer bedreig maak.

Sommige spesies is ook onder druk vanweë benutting deur mens en dier. Die vermoë van spesies om benutting deur byvoorbeeld die stroop van bas te weerstaan verskil ook onderling. Sekere spesies kan geredelik wonde genees maar sekeres is baie kwesbaar met min weerstand teen die indringing van swamme of bakterieë vanweë ontbassing. Dieselfde geld vir die oes van wortels.

Daar is waarskynlik nog baie onontdekte produkte wat verlore mag gaan indien toegelaat word dat spesies vanweë oorbenutting, onoordeelkundige benutting of verlies van habitat verdwyn.

Die probleem is dus omvangryk en behels alle aspekte van ekologie. Daar kan dus ongelukkig nie 'n enkele "one fit for all" benadering tot die probleem gevolg word nie en elke spesie ter sprake moet individueel ondersoek en aangespreek word.

Wat kan gedoen word en wat word reeds gedoen om die probleem aan te spreek.:

Seker die heel belangrikste is opvoeding.

Opvoeding van die algemene publiek van alle bevolkingsgroepe om hulle bewus te maak van die omvang van die probleem asook dat daar waarskynlik dikwels beter allopatiese produkte is om siektes en skete mee te behandel. Opvoeding van tradisionele genesers om hulle bewus te maak van die omvang van die probleem, asook dat hulle volhoubare praktyke sal moet volg om hulle bedryf volhoubaar te maak.

Opvoeding van die publiek en veral boomliefhebbers om op die uitkyk te wees vir areas van bedreiging en stroopaktiwiteite en derhalwe maatreëls om die bedreiging die hoof te bied te kan ontwikkel.

Identifisering en bewaring van areas en spesies wat onder bedreiging staan, beide ten opsigte van individuele spesies, areas en habitate.

Uitbreiding van bewaringsareas, beide openbaar en privaat en doeltreffende polisiëring en monitering daarvan.

Kweking en verspreiding en hulp met aanplanting van bedreigde spesies deur openbare en privaatinstansies. As kontroversiële moontlikheid, kommersiële aanplanting en benutting van die mees bedreigde spesies om aan die behoefte te voldoen en sodoende die druk op die wilde natuurlike bevolking te verminder.

Aanvaarding van die konsep van volhoubare benutting as aansluiting by die vorige punt. Botsing in opinies ten opsigte van bewaring as hoofdoel, volhoubare benutting en kommersialisering as maatreël om bedreigde spesies te probeer beskerm lok altyd warm debatte en sterk opinies uit. Eenstemmigheid tussen belangegroepe sal seker nooit bereik kan word nie.

Gedurende 2024 is daar in Suid-Afrika konsepwetgewing gepubliseer sowel as konferensies gehou met as doel die implementering van die konsep van volhoubare benutting van bio-hulpbronne. Daar was alreeds ernstige botsings tussen bewaringsgroepe enersyds en owerhede en ander belangegroepe andersyds.

Dat die probleem egter groot is en steeds groter word is voor die hand liggend. Dat daar hande gevat sal moet word deur verskillende belangegroepe met verskillende idees is onteenseglik.

Spesifieke Voorbeelde

Voorts sal daar interessantheidshalwe op enkele spesies gefokus word om van die verskillende punte reeds na verwys, te illustreer.



Prunus africana
rooistinkhout / red stinkwood
Familie - ROSACEAE



Prunus is 'n genus van bome en struik in die Rosaceae-familie en sluit in pruime, kersies, perskes, nektariens, appelkose en amandels. Kollektief word na die vrugte van die plante as steenvrugte verwys. Van die ongeveer 200 spesies in die genus *Prunus* wat wêreldwyd voorkom, kom slegs een spesie, naamlik *Prunus africana* in Afrika voor. Die verspreiding in Afrika is gelukkig wyd en strek van die Kameroen en Ethiopië tot in die Tsitsikamawoud. In Suid-Afrika kom dit veral in die misgordel van die Oostelike platorand voor met enkele stande meer wes, onder andere in die Magaliesberg. Ongelukkig is die stande in Suid-Afrika redelik gelokaliseer met kleinerige populasies. Verspreiding geskied deur saad wat deur voëls versprei word. Die verspreiding in Suid-Afrika is uiters beperk met klein stande. Die totale natuurlike populasies in Suid-Afrika word gereken as slegs ongeveer 10 000 bome.

Volgens SANBI se Rooilys van Suid-Afrikaanse plante weergawe 2024, word die rooistinkhout gelys as VU (kwesbaar). CITES (the Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora) klassifiseer *Prunus africana* as "of urgent concern". Veral die bas van die boom word as tradisionele medisyne benut en in meer as die helfte van die lande waar dit voorkom, is die rooistinkhout onder bedreiging. Die tendens is dat die gebruik van *Prunus africana* produkte toeneem. In Natal het rooistinkhout reeds in meer as 50% van die areas waar dit vantevore voorgekom het heeltemal verdwyn en die totale populasie het ook met meer as 50% afgeneem. Die boom se bas is eers op die ouderdom van 15 jaar in die posisie om genoeg van die medies aktiewe bestanddeel te produseer.

Die bas van die rooistinkhout word veral gebruik vir verskillende genito-urinêre probleme maar veral vir benigne prostaathipertrofie (BPH). Dit word onder andere ook vir borskaspyn gebruik. Die aktiewe bestanddeel is 'n sitosterol wat die gewenste effek het om simptome van genito-urinêre aard, onder andere BPH te verlig. Na bewering bevat die bas ook stowwe wat apoptose (selfdood) van prostaatkankerselle kan stimuleer. Daar is tot agt verskillende fitochemiese stowwe uit *Prunus* geïdentifiseer wat 'n rol mag speel in die voorkoming en behandeling van prostaatkanker.

Insiggewend is dat die bas van die boom ook wyd in

Europa gebruik word as "natuurlike" produk teen BPH. Daar word bereken dat die jaarlikse uitvoer van die bas van *Prunus africana* uit Afrika alleen na Europa alreeds tussen 3 200 en 4 900 ton per jaar beloop het, totdat 'n CITES verbod in 2003 daarop geplaas is.

Daar word beweer dat die bekendstelling van *Prunus* boombas as middel teen BPH deur Zoeloemans aan 'n Suid-Afrikaanse dokter bekend gestel is. Vanaf die dokter se bekendstelling het dit in Europa gewildheid bereik as "natuurlike medisyne" vir die bekamping van BPH. Die aktiewe bestanddeel uit die boombas word bemark onder die naam *Pygeum*. Dit toon hoe vër en wyd die gebruik van hierdie tradisionele medisyne produk strek.

Tans word rooistinkhoutbas op groot skaal uit veral Kameroen vir die stygende aanvraag uit Europa geoes en uitgevoer. Plaaslik is die oes gelukkig beperk vir die plaaslike mark.

Daar word bereken dat slegs kommersiële aanplanting op groot skaal sal kan voorsien in die toenemende aanvraag.

Daar is in beide Kameroen en Kenia programme om die oes van die bas op "volhoubare" wyse te organiseer asook om kommersiële aanplanting te vestig. Of dit die weg is om te volg is natuurlik baie omstrede. Reeds in 1913 is die eerste pogings in Kenia aangewend tot kommersiële verbouing.

Dr CJ Geldenhuys het reeds in 1981 'n artikel in die South African Forestry Journal oor die status van *Prunus africana* in byvoorbeeld die Tsitsikamma gepubliseer. Op daardie stadium is slegs ongeveer veertig bome in die Tsitsikamma geïdentifiseer waarvan 47% reeds dood was. Pogings is aangewend om *Prunus* in die Tsitsikamma te hervestig, maar dit het geblyk dat die aanplantings slegs in versteurde grond naby paaie suksesvol was.

Daar is wyd navorsing gedoen en gepubliseer deur verskeie instansies rondom *Prunus* en die studie van hierdie spesie is 'n goeie beginpunt om die hele kwessie van die rol, aspekte rondom tradisionele medisyne, impak op biodiversiteit en moontlike oplossings en antwoorde vir die probleem van bewaring en volhoubaarheid asook opvoeding aan te spreek.

Warburgia salutaris

peperbasboom / pepperbark

Familie - CANNELACEAE

Warburgia salutaris: Boomvoorkoms en blare.

Die peperbasboom is seker een van die mees bedreigde van al die boomspesies hier ter sprake.


Die bas het 'n peperagtige smaak, vandaar die Afrikaanse en Engelse naam.

Warburgia kom in die oostelike dele van die land voor vanaf die Soutpansberg tot Natal. Habitats strek van bergwoude tot kusstreke. Die spesie is nie endemies tot Suid-Afrika nie maar plaslik erg bedreig.

Dit versprei veral deur middel van saad en kan gelukkig vegetatief ook deur veral uitlopers van omgevalle bome voortplant.

Peperboombas word veral gebruik as hoesmedisyne, en is aktief as ekspektorant, om slym te verdryf. Die aanwending is dus baie algemeen as 'n kuur vir 'n algemene hoesprobleem. Ongelukkig word die bas, sowel as die blare, sowel as die wortels gebruik. Dit maak individuele bome dus baie kwesbaar vir vernietiging in die oes daarvan. Volgens die SANBI Rooilys van Suid-Afrikaanse plante weergawe 2024 word *Warburgia* se status as VU - "kwesbaar" gelys.

Daar word bereken dat die totale natuurlike populasie in Suid-Afrika tans slegs tussen 4 600 en 5 600 individuele bome tel. Peperbas is baie gewild in die tradisionele medisyne mark. In 'n opname gedoen alreeds in



1988 deur Cunningham et al, is gevind dat tot 66% van tradisionele medisyne markte in Johannesburg hierdie produk op rakke aanhou. Tradisionele genesers het toe al bewus geword dat die produk al moeiliker bekombaar raak.

Williams et al het in hul navorsing bevind dat deur die dikte van bas wat beskikbaar by verkooppunte te meet, voorsiening van die produk drasties aan die daal was en dat dit 'n aanduiding is dat al jonger eksimplare van *Warburgia* benut word. Dit het aangedui dat selfs klein boompies of uitlopers in totaliteit ge-oes word. Soos reeds vermeld, word *Warburgia* veral gebruik vir respiratoriese probleme wat baie algemeen voorkom onder die plaaslike bevolking en dat dit die druk op die spesie verder verhoog. Die plant word ook gebruik vir griep, rumatiek, malaria, veneriese siektes, hoofpyn, tandpyn, en maagsere!. Tragies, vir die voortbestaan van die spesie, word dit blykbaar vir alle siektes aangewend!!

Die bas word of gerook of as 'n suspensie in koue water voorberei, ingeneem.

Warburgia het skynbaar reeds uitgesterf in Zimbabwe en is onder erge bedreiging ook in Eswatini en Mosambiek. Dit is ook reeds total uitgewis in sekere gebiede in Kwazulu-Natal waar dit voorheen algemeen voorgekom het.

Warburgia is ongelukkig ook baie kwesbaar vir die indringing van swamme en bakterieë waar die bas gestroop is, wat lei tot vroeë vrektes. Die plante het dus 'n lae toleransie vir die verdra van die stroop van die bas. Gelukkig groei en versprei dit maklik van uitlopers en kan dit derhalwe vermeerder.

Tans is daar verskeie projekte in die land aan die gang om die voortbestaan van die boom te probeer verseker. Een projek is om verbruikers en gebruikers te leer dat die blare dieselfde medisinale bestanddele bevat as die bas en deur opvoeding, rolspelers te oorreed om eerder blare as bas te gebruik ten einde die boom teen uitwissing te beskerm.

Tradisionele gemeenskappe word ook geleer om *Warburgia* eerder by hulle huise aan te plant en blare te benut eerder as om die bas van wilde eksimplare te stroop. *Warburgia* kan ook as heining aangeplant word. In die Soutpansberg is daar 'n area gevind waar dit blyk dat 'n voormalige bevolking *Warburgia* juis vir hierdie doel aangeplant het.

Tussen 1980 en 2011 was daar 'n projek tesame met die botaniese afdeling van die Kruger Nasionale Park waartydens 20 000 boompies aan tradisionele genesers in die omgewing verskaf is en hulle aangemoedig is om die boompies te laat groei en volhoubaar te benut ten einde die druk op die natuurlike bevolking te verlig. Dit het wel gelei tot 'n afname in die tempo van vermindering van die natuurlike bevolking.

Meer onlangs het SAPPI se "Forestry Research Centre" ook in samewerking met ander instansies 'n projek geloods om tot 60 000 klein boompies te kweek en beskikbaar te stel aan belangegroepes in die bedryf in Suid-Afrika. Weer die kontroversiële aspekte en konflikte tussen praktyke wat fokus op bewaring, volhoubare benutting en kommersialisering, of 'n kombinasie van al drie.

Warburgia is 'n baie aantreklike immergroen boom wat al meer in tuine en voorstedelike parke en op sypaadjies aangeplant word. Dit is interessant om waar te neem hoe die bas op plekke waar *Warburgia* op sypaadjies aangeplant is, ge-oes word. Van 'n laning van 23 bome langs 'n pad in 'n voorstad van Pretoria ton 13 eksimplare tekens van erge basskade en een boom is klaar dood. Aanplantings van sulke aard kan dus ook help om druk op die natuurlike bevolking te verminder.



Voorbeelde van wonde aan aangeplante *Warburgia salutaris* eksimplare in voorstedelike gebiede afkomstig van die stroop van bas. Let op die foto aan die linkerkant waar die betrokke eksimplaar nie die ontbassing oorleef het nie. Hopelik nie die vooruitsig van die ander bome in die agtergrond nie.



Adansonia digitata
kremetart / baobab
Familie: MALVACEAE

Daar kan nie 'n relaas oor die onderwerp wees sonder om die ikoniese kremetart aan te spreek nie, nie net vanweë sy majesteuse voorkoms nie, maar ook as gevolg van die legio voordelige eienskappe en gebruike vir mense, diere, voëls en feitlik alle ander lewende organismes in sy omgewing. Benewens al die voordele soos voeding, skuiling en vele ander het die kremetart ook genesende eienskappe en speel 'n belangrike rol in die tradisionele medisyne mark. Tesame met die medisinale gebruike skep die kremetart ook 'n mistieke bonatuurlike atmosfeer wat mense van alle kulture aanraak. Hierdie mistieke kulturele verbintenis dra by tot die medisinale gebruike en gelowe wat altyd met die gebruik van medisinale produkte gepaard gaan.

Soos algemeen bekend, kom die kremetart in die noordelike droër streke van Suid-Afrika voor. Hoewel dit in die SANBI Rooilys van Suid-Afrikaanse plante weergawe 2024 gelys word as LC - *least concern* en volgens 'n onlangse opname is die spesie tans nie onder bedreiging nie

SANBI stel egter dat toenemende benutting en klimaatsverandering die huidige status in die nabye toekoms negatief kan verander. Volgens enige natuur liefhebber en boomkenner wat gereeld die Kruger Nasional Park (KNP) en omliggende streke besoek se intuietiewe waarneming is die teenoorgestelde egter heersend. Die heersende algemene indruk is dat die bome binne parke erg deurloop onder olifante en die bome buite parke onder mense. Gelukkig is die kremetart se vermoë om te genees van basbeskadiging relatief sterk in vergelyking met ander spesies.

Die gebruike van die kremetart is legio en daar sal dus net na die medisinale gebruik en waarde hier verwys word. Tradisionele genesers berei 'n konkoksie van die vrugpulp voor en behandel daarmee koors, diaree en



hemoptise (hoes van bloed). Die blare en bas word gebruik in die behandeling van urinêre probleme en diaree. Verpoederde sade word gebruik teen hik. Die blare word vir verskeie velprobleme, oormatige sweet en oormatig olierige vel gebruik.

Die bas word selfs in Europa bemark en gebruik as 'n koorswerende middel. In seker dele van Afrika word die bas as middel teen malaria gebruik.

Die medisinale waarde as anti-inflammatoriese en koorswerende middel berus waarskynlik op die teenwoordigheid van quertien, 'n bekende anti-oksidadant.



Vier kremetartbome. Almal binne 5 kilometer van mekaar in 'n dig bevolkte gebied naby Hoedspruit. Let op die skade aan die bas van die boonste twee bome en kyk na die maatreëls wat getref is om die onderste twee voorbeelde te probeer beskerm

Brackenridgea zanguebarica
valslekkerbreek / yellow false-plane
Familie - OCHNACEAE

'n Paar feite omtrent hierdie redelik onbekende spesie van die Rooihout familiegroep is fassinerend insoverre dit ons belangstelling in hierdie verband behels.

Hierdie kleinerige boom kom in Suid-Afrika slegs in een enkele area in die Thengwe distrik in die Vhembe area in die toenmalige Venda voor. Die spesie word geklassifiseer as krities bedreigd ("critically endangered"). Die bedreiging en afname in die populasie is amper uitsluitlik vanweë die oes vir die tradisionele medisyne mark. Daar was wel ook 'n aantal eksemplare vernietig deur 'n padbouprojek.

Daar word bereken dat daar 'n afname van 86 persent van die Suid-Afrikaanse eksemplare gedurende die negentigerjare van die vorige eeu plaasgevind het. Die huidige populasie in Suid-Afrika tel moontlik nie meer as 400 bome nie.

Die bas en wortels word benut as medisyne en dit word in die Limpopo provinsie as die mees gesogte tradisionele medisynevorm beskou. Die bas en wortels word benut.

Na bewering het niemand nog daarin geslaag om die spesie kunsmatig of deur saad of enige ander manier te propageer nie. Die plant kan blykbaar slegs op sy eie in sy natuurlike omgewing voortplant. Die rede daarvoor is waarskynlik dat 'n tot nog toe ongeïdentifiseerde parasiet se teenwoordigheid waarskynlik nodig is vir ontkieming.

Die bas en wortels word gebruik vir onder andere behandeling van wonde, ontworming, amenoree, geswolle enkels en pynlike hande.

Wetenskaplike ondersoek het bevind dat produkte van die spesie biologiese aktiwiteit teen sekere eukariotiese selle sowel as virusse en bakterieë toon. Daar is dus potensiële antibiotiese aktiwiteit teen sekere parasietvorme, bakterieë, sowel as virusse!!

Die groot waarde van die plant lê blykbaar egter in sy towerkrag.. Dit kan mens glo beskerm teen nadelige toorkragte maar ook kan die gebruiker bevoordeel in sportkompetisies aangesien dit aangewend kan word om die opponent te benadeel! Dit kan 'n hele huishouding beskerm teen bose mense, so word geglo!

Sover dit die oes van die plant aanbetref is daar rituele wat die bome tot 'n mate beskerm. Dit mag slegs deur



aangewese tradisionele genesers (dus nie enige een nie), op 'n donker nag en in 'n naakte toestand ge-oes word.

Nie-toegewysde persone wat die plante of plantprodukte hanteer sal blykbaar steriel word. Geen vrou mag naby die plantprodukte kom nie. Iemand wat nie 'n tradisionele heler is, of 'n aangewese persoon om die oeswerk te doen nie en van die produkte oes, sal vroeg te sterwe kom. (voor die ouderdom van 50) 'n Bestuurder van 'n stootskrapeer wat aan 'n padbouprojek in die omgewing gewerk het en van die boompies beskadig het, is glo onverwags kort daarna oorlede.

Daar is 'n klein slegs een vierkante kilometer reservaat gevestig om die boompies te probeer beskerm en die plaaslike gemeenskapsowerhede probeer ook om 'n volhoubare benuttingsprogram te vestig, oes te reguleer en so die voortbestaan te probeer verseker. Die plaaslike Vhatavhatsindi stam beskou hulleself as die beskermhere van die populasie en poog om die spesie te bewaar vir die plaaslike gemeenskap. Die reservaat heet die Mutavhatsindi reservaat wat ook die Vendanaam vir die valslekkerbreek is. Was dit nie weens die kulturele verwantskap tussen die plaaslike stam en die spesie nie was hierdie besondere plant waarskynlik ook al uitgeroei in Suid-Afrika. Vir verdere inligting omtrent hierdie besondere boom word die leser veral na publikasies op die SANBI webspasie verwys.

Tradisionele en kulturele gelowe en beskouings kan dus nog 'n vorm van bewaring tot gevolg hê wat 'n rol mag speel in die oorlewing van 'n spesie.



Brackenridgea zanguebarica. Let op die tipiese blaarpatroon van die rooihoutfamilie asook die kenmerkende geel kleur van die onderbas- vandaar die Engelse naam "yellow peeling plane" en alternatiewe Afrikaanse volksnaam; geellekkerbreek. (Fotos van valslekkerbreek met dank en erkenning verkry van John Burrows)

SLOTSOM

Dat die gebruik en misbruik van boomprodukte in die tradisionele medisyne

praktik, asook die toename daarvan 'n bedreiging vir spesie-diversiteit in Suid-Afrika inhou staan soos 'n paal bo water. Dat die probleem drastiese en dringende aandag benodig is voor die hand liggend. Dat daar onteenseglik medisinale waarde in baie van ons boomspesies is, is ook waar.

In die tradisionele gebruik van plantmateriaal is daar beslis ook medisinale waarde en baie wetenskaplike navorsing moet nog gedoen word om die werklike waarde te verreken. Daar is verseker ook nog deur die wetenskap baie onontdekte medisinale waarde opgesluit in eeue-oue tradisionele medisinale praktyke sowel as boerate wat nog ontdek sal kan word as die planteryk bewaar kan word.

Ook vanuit 'n kulturele oogpunt is die bewaring van tradisionele en inheemse kennis oor bome en die gebruik daarvan kosbaar. Daar word gelukkig reeds baie aandag aan die onderwerp spandeer. Daar word baie navorsing gedoen en gepubliseer maar ongelukkig nie genoeg en ook nie vining genoeg nie.

Die algemene publiek benodig baie inligting, mobilisasie en gepaardgaande opvoeding in die verband. Alle belangegroepe stem waarskynlik saam dat die probleem bestaan, maar verskil ongelukkig erg oor hoe dit aangespreek moet word in terme van bewaring, kommersialisering en die konsep van volhoubare benutting.

Gedurende 2024 is die Konsepwysigingswet op Nasionale Omgewingsbestuur: Biodiversiteitswet 2024 (algemeen bekend as NEM:BA) in die staatskoerant gepubliseer. Dit het gepaard gegaan met 'n groot konferensie deur die owerheid gereël met as doelwit onder andere "volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne" ook die in nasionale parke. Dit sluit natuurlik inheemse bome en die gebruik daarvan in. Sommige belangegroepe ervaar dit as positief maar ander sien dit as 'n bedreiging tot die bewaring van die nasionale boomerfenis.

Ook onder die bewaringsgesindes word daar verskil. Sommiges wil ons, (die mens) se erfenis bewaar, terwyl ander dit eerder sien as nie-behorende aan "ons" nie, maar biodiversiteit sien as biodiversiteit op sy eie, nie behorende aan die mens nie en die bewaring van biodiversiteit as 'n mikpunt op sy eie. Hierdie punt raak aan die filosofiese dissiplines en is nie die fokus van hierdie skrywe nie.

Gelukkig stem almal saam dat iets gedoen moet word, maar oor hoe, wie, wat en waar is daar nog nie eenstemmigheid nie. Die debat sal nog lank duur en hoe vinniger almal gestimuleer en opgevoed kan word en begin deelneem aan die proses vir die bewaring van ons geliefde bome op watter manier ook al hoe beter. Vir enigiemand wat meer wil weet oor die onderwerp en betrokke wil raak is daar vele verwysings in die bronnelys. Die bronverwysings dien ook as bronne vir verdere verwysings wat nie hier vermeld word nie vanweë gebrek aan spasie.

BRONNELYS:

1. Van Wyk B-E, Van Oudtshoorn B, Gericke N. 2002. MEDICINAL PLANTS OF SOUTH AFRICA. Briza.
2. Van Wyk B-E, Gericke N, 2000. PEOPLE'S PLANTS, A GUIDE TO USEFUL PLANTS OF SOUTH AFRICA. Briza.
3. Dugmore H, Van Wyk B-E. 2008. MUTI EN MITES. Marula Books.
4. Roberts M. 1990 INDIGENOUS HEALING PLANTS, Southern Book Publishers.
5. Von Durckheim H, van Wyk B, van den Berg E, Coates Palgrave M, Jordaan M, SAKLYS VAN SUIDER-AFRIKAANSE INHEEMSE BOME, 2014. BRIZA en Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika.
6. Workshop on Implementation of Review of Significant Trade (RST). Recommendations for Prunus Africana. Naivasha, Kenya, 8-11 September 2008.
7. Red Listed medicinal plants of South Africa: Status, trends, and assessment challenges. V.L. Williams, J.E. Victor, N.R. Crouch. South African Journal of Botany 86 (2013) 23-35.
8. Comment on the Draft National Biodiversity Economy Strategy. B Reilly. SA Jagter. Junie 2024
9. Practices at herbal (muthi) markets in Gauteng, South Africa and their impact on the health of the consumers: A case study of Kwai Mai-Mai and Marabastad muthi markets. D.Mbendana, K.Mamabolo, M.Truter, Q.Kritzinger, A.R. Ndhala. South African journal of Botany 126 (2019) 30-39.
10. Population biology of Brackenridgea zanguebarica in the presence of harvesting: Milingoni P, Tshisikawe, and Margaretha W. Van Rooyen. Journal of Medicinal Plants Research. December 2012.
11. SANBI (South African National Biodiversity Institute). Red List of South African Plants. 2024 <http://redlist.sanbi.org.za>
12. Geldenhuys, C. J. 1981. Prunus africana in the Bloukrans River Gorge, Southern Cape. South African Forestry Journal, 118, 61-66. <https://doi.org/10.1080/00382167.1981.9630526>
13. Review of conservation of Prunus africana and international trade opportunities for its bark in Kenya. JK Chebolwo, David Langat. <http://hdl.handle.net/10520/EJC164600>.
14. Naas Grove'. 2016 VRATJIEVRUGBLIKSEMBOS EN ANDER MAGALIESBERGBOME. BRIZA.
15. Power, policy and the Prunus africana bark trade, 1972-2015. A. Cunningham, VF Anoncho, T Sutherland. Journal of Ethnopharmacology vol. 178,3 Feb 2016.
16. Komakech, Youngmin Kang, Jun-Hwan Lee, Francis Omujal. A Review of the Potential of Phytochemicals from Prunus africana Kalkman Stem Bark for Chemoprevention of Prostate Cancer. Evid Based Complement Alternat Med. 2017 Feb 13; 2017:3014019.doi:10.1155/2017/3014019.
17. People, Plants, and Justice. AB Cunningham and M Cunningham. Chapter 12. Profits, Prunus, and the Prostate. <https://doi.org/10.7312/zern10810-014>. Columbia University Press 2000.

Soetanysberg

Dr Francois du Randt

Die Kapenaars sal sekerlik nie met my saamstem nie, as ek sê dat daar net vier goeie dinge in die Wes-Kaap is, naamlik die Fynbos en Proteaceae, die fotogeniese plooiberge, die rooiwyn, en natuurlik die pad terug na Zoeloeland! Natuurlik het die Wes- en Suid-Kaap 'n baie sagteplekkie in my hart (so moenie te sleg voel nie), en ek gaan juis poog om 'n stukkie van my liefde hier te deel – dit is nie 'n dendrologiese skat nie, maar hierdie bedreigde fynbos, is uitnemendheid!

Om by Soetanysberg uit te kom, moet 'n mens eers by Kaap Agulhas uitkom, en hierdie teerpad loop deur Struisbaai. Die baie blootgestelde, oop, boomlose Struisbaai se munisipale kampeerterrein, so ook die L'Agulhas kampeerterrein, is nie wonderlike opsies vir akkommodasie nie, maar dit is ongelooflik hoe die Here kan voorsien in wonderlike, begrotings-gepaste, chalet akkommodasie met 'n 180° uitsig oor die rowwe see, as 'n mens dit nodig het. Dit is die nat wintermaande en 'n heerlike kaggel met rooiwyn, of 'n sjerrietjie, is nie te versmaai nie. Hoekom gaan ek in die koue en nat maande na die Wes-Kaap? ... die mooiste blomme, blom daardie tyd van die jaar, regdeur na die Lente!

Die naam L'Agulhas kom vanaf die Portugese woord, wat beteken "needles", verwysende na die kompasnaald wat suid wys. Die Portugese het die plek gedoop Cabodos Agulhas, "Cape of Needles". Die Franse woord is Le Aiguilles. Ek skat dit is die herkoms van die "L" in L'Agulhas. Die ligting is gebou in 1849 en is die tweede oudste, werkende ligting in Suid-Afrika. Tussen Agulhas en Suiderstrand is 'n skeepswrak, genaamd Meisho Maru, wat hier gestrand het op 16 November 1982.

My groot vriend vanaf KwaZulu-Natal se Suidkus dae, Geoff Nichols, bly in Suiderstrand. Gou-gou spoor ek hom op, want hy is 'n lopende plant ensiklopedie op sy eie, en gou-gou drink ons koffie saam en besluit op plant ekskursies. Geoff is so vriendelik soos altyd, en hy vertel ons oor die kriminele elemente in die Suidkus, wie hulle effektief daar weg gedryf het. Hulle bly nou reeds 18 maande in Suiderstrand (Augustus 2022) en hy geniet homself gate uit tussen die 'nuwe' plante. Geoff is klaar 'n 'boffin' in die area en vertel ons dat daar meer as 70 spesies plante is, net tussen Suiderstrand en Agulhas. Dit is eintlik ongelooflik. Hy leer ál die plaaslike inwoners van hulle eie ryk en waardevolle plantskatte. Ons besluit dus op 'n dag uitstappie na Soetanysberg, maar natuurlik het die reën altyd 'n finale sê, en maak dit ons uitstappie effe korter, maar met "gum boots"



Die outeur fotografeer pragtige fynbos (Foto: Geoff Nichols)

en al, takel ons hierdie 'berg', as jy dit 'n berg kan noem. Ons begin ons uitstappie by Rhenosterkop, op die eertydse plaas, Brandfontein, wat nou deel is van Agulhas Nasionale Park. Wat maak Soetanysberg so spesiaal?

Kom ons kyk eers kortliks na die geologie van die Kaapse plooiberge. Dit behoort aan die Kaap Supergroep van Kaap-Natal-Msikaba Sandsteen, min of meer 500 miljoen jaar in ouderdom. Hierdie kwartsiet sandsteen en skalie lae kan vanaf die boonste lae tot onder verdeel word in die:

- Witteberg Groep
- Bokkeveld skalies
- Tafelberg Sandsteen Groep, en
- Kaapse basis graniet, soos wat ons sien by Paarlberg en Seepunt se strand.

Die Tafelberg Sandsteen Groep ("Cape Peninsula Sandstone") word verdeel (van bo na onder) in:

- Nardouw Sandsteen
- Sederberg Sandsteen
- Skiereiland (Tafelberg) Sandsteen
- Graafwater Sedimente
- Malmesbury Graniet

Hierdie is alles sandsteen. Dit is die belangrikste bestanddeel van die Kaapse plooiberge. Dit is die basis waarop die Kaapse fynbos groei (wat ek hieronder in Engels klassifiseer), en die fynbos plante is absoluut afhanklik van hulle geologiese substraat. Maar suid van die plooiberge, tussen Stanford-Gansbaai en Mosselbaai, lê groot vlaktes wat bestaan uit kalksteen, neergelê vanuit die oseaan en die eertydse 'Agulhas-see'. Hierdie feit alleen, maak fynbos 'n wonder natuurprag. Die Agulhas-see se sedimente is natuurlik baie jonger in geologiese jare en is later neergelê, selfs bo-op die sandsteen!

So wat maak Soetanysberg so spesiaal?

Die basis van Soetanysberg is **sandsteen**, met suurgrond sand fynbos, en die top van die berg is **kalksteen**, wat alkalies is. Hier bo groei net kalksteen fynbos! Agulhas kalksteen. Hierdie geologiese verandering maak die fynbos 'n groot avontuur. Ons sien dieselfde kenmerk op die eerste stapdag van die Walvis Voetslaanpad, maar dan stap jy eers oor suur sandsteen (Potberg), voordat jy die De Hoop kalksteen fynbos nader, presies die omgekeerde.



Soetanysberg

Die Fynbos bioom word opgedeel in biografiese streke en in kleiner sub-eenhede, maar ek noem net die hoofgroeperinge (in Engels), as volg:

- Sandstone Fynbos (FFs)
- Quartzite Fynbos (FFq)
- Sand Fynbos (FFd)
- Shale Fynbos (FFh)
- Shale Band Fynbos (FFb)
- Conglomerate Fynbos (FFT)
- Alluvium Fynbos (FFa)
- Granite Fynbos (FFg)
- Silcrete Fynbos (FFc)
- Ferricrete Fynbos (FFf)
- Limestone Fynbos (FFl)
- Shale Renosterveld (FRs)
- Granite Renosterveld (FRg)
- Dolerite Renosterveld (FRd)
- Alluvium Renosterveld (FRa)
- Silcrete Renosterveld (FRc)
- Limestone Renosterveld (FRl)
- Western Strandveld (FS)

Kalksteen fynbos ("Limestone Fynbos") is 'n endemiese streek tussen Stanford en Mosselbaai in die Overberg area. Dit bestaan hoofsaaklik uit kalksteen riuwe en koppies, en word geskei vanaf die Indiese Oseaan deur Duine Ruytes ("Dune Thicket"). Dit beslaan 'n area van 1 908 km² (of 190 836 ha).

Kalksteen fynbos word onderverdeel in drie verskillende tipes, met gapings tussen die tipes by Bredasdorp en Witsand (of Breederiviermond):

- Agulhas Kalksteen Fynbos
- De Hoop Kalksteen Fynbos
- Canca Kalksteen Fynbos



Sand Fynbos met *Tetaria thermalis*, wat amper lyk soos palmiet

Tussen die kalksteen riuwe kry ons diep neutrale sand, geassosieerd met Albertinia Sand Fynbos. Sonder om te veel in te gaan in die baie unieke kenmerke van kalksteen formasies, kan ek net noem dat die Proteaceae en fynbos elemente absoluut endemies is in hierdie streek. Baie belangrik is die feit dat die grond alkalies is, met 'n pH > 7. Die neutrale sand, langs die kalksteen, se pH = 7, terwyl die suur sandsteen se pH < 7 is. Floristies-gesproke kry ons byvoorbeeld suster spesies, spesifiek aangepas by die pH van die sand:

Genera	Kalksteen	Neutrale sand	Suur sand
<i>Protea</i>	<i>P. obtusifolia</i>	<i>P. susannae</i>	<i>P. compacta</i>
<i>Leucadendron</i>	<i>Lc. meridianum</i>	<i>Lc. coniferum</i>	<i>Lc. eucalyptifolium</i>
		<i>Lc. galpinii</i>	<i>Lc. xanthoconus</i>
<i>Leucospermum</i>	<i>Ls. truncatum</i>	<i>Ls. praecox</i>	<i>Ls. fulgens</i>
	<i>Ls. patersonii</i>		<i>Ls. cordifolium</i>



Protea lanceolata, endemies op kalksteen



Protea compacta



Leucadendron meridianum groei net op kalksteen



Protea obtusifolia groei net op kalksteen



Die pragtige, bedreigde *Mimetes saxatilis*, by Struisbaai

Die Suid-Kaapse ruigtes sluit in bome, soos *Sideroxylon inerme* (witmelkhou). *Protea lanceolata* is dominant in natter kalksteen areas. *Mimetes saxatilis* is die kalksteen *Mimetes* en is onder geweldige druk weens menslike oorpulasie en ontwikkeling. Nog 'n prominente tolbos in die droeër kalksteen areas, is *Leucadendron muiirii*.

Ek noem hierdie kort opsomming om te verstaan dat die plante spesifiek aangepas is by die sand substraat waarop hulle groei. Rondom Soetanysberg kry ons pragtige voorbeelde van Agulhas Kalksteen Fynbos, soos *Mimetes saxatilis*, *Leucospermum patersonii*, *Protea obtusifolia*, *Leucadendron linifolium*, *Adenandra obtusata* en verskeie *Erica* spesies.

Op die Elim vlaktes se kleigrond kry ons weer plantspesies, soos *Protea pudens* en *Leucadendron elimense* subsp. *elimense*.



Protea pudens op kleigrond van die Elim vlaktes



Leucadendron elimense subsp. *elimense*



Leucospermum patersonii, op kalksteen

Die verskille tussen *Leucospermum patersonii* en *Leucospermum cordifolium*, behalwe die sand substraat (kalksteen versus suur sand), is dat eersgenoemde se blare baie rooi kartelpunte (3-7) vertoon, dat die blomme se stempels soos 'n perdehoef geknop is, en dat dit groot struik plante is met dik stamme. Die blomme word op reguit stingels gedra.

Leucospermum cordifolium, daarenteen, se blare varieër, met die meeste basale blare met 3 of meer punte, terwyl die boonste blare min punte het. Die stempels is nie geknop nie, en die struik is beslis kleiner en vertoon meer valer. Die blomme word ook lateraal gedra op blomstingels.



Leucospermum cordifolium op suur sandsteen



Geoff Nichols loop deur vleiland oppad na Soetanysberg

Ons stappie begin deur 'n vleiland, daarna op 'n rowwe 4x4 spoor en stekelrige suursand fynbos (wat sy naam absoluut gestand doen) oor 12 kilometer tot bo-op die kalksteen kruin van Soetanysberg. Plek-plek is dit bra rowwe "bundu-bashing" (soos ek dit noem) met hande-viervoet geklouter teen die



Sandsteen Fynbos, oppad na Soetanysberg

gladde kalksteenrotse. Die afklim is nog erger teen seepgladde gras en restio-hange. Ons kan darem bo-op die kalksteen klippe sit om 'n bietjie versnapperings te nuttig terwyl ons die uitsig bewonder, en reflekteer oor wat ons om ons sien.



Amphithalea virgata op die suur sandsteen

Die naam 'soetanys' kom in alle waarskynlikheid vanaf *Agathosma cerefolium*, 'n kalksteen spesie in hierdie area. Die volksnaam van *Agathosma cerefolium* is anysboegoe. Dit behoort aan die Rutaceae familie, wat gekenmerk word deur aromatiese geure. *Agathosma cerefolium* word beskryf met 'n "aniseed fragrance", sekerlik vertaal as soetanys geur.

Ons sien 'n lang lys plante, en ek noem nie eers alles op nie: *Eriocephalus racemosus*, *Lachenalia bulbifera*, *Anemone vesicatoria* (ou naam: *Knoltonia vesicatoria*), *Agathosma collina*, *Pelargonium betulinum*, *Gnidia linearifolia*, *Elegia microcarpa* (kort plant), *Elegia tectorum* (heelwat langer dekriet), *Cassine peragua* subsp. *barbara*, *Strumaria spiralis* (op sandsteen), die interessante verskille tussen *Searsia lucida* en *Searsia laevigata*, *Limonium kraussianum*, *Erica colorans*, *Leucadendron meridianum*, *Leucadendron linifolium*, *Berzelia lanugosa*, *Edmondia sesamoides*, *Saltera sarcocolla* en *Colpoon speciosum* [sinoniem: *Osyris speciosa*].



Agathosma serpyllacea



Erica colorans



Erica filipendula



Die uitsonderlike *Erica ampullacea* op kalksteen (Foto: Geoff Nichols)



Erica corifolia



Erica fascicularis



Erica vestita



Searsia laevigata
(Foto: Geoff Nichols)



Searsia lucida

Searsia laevigata (blouvrugtaaibos) kom net voor in die Suid Kaap, op duine en meestal kalksteen. Dit is 'n meer kruipende struik, met blink obovaat blare (blinker as by *Searsia lucida*) en prominente bearing. Die blaar apeks is rond met 'n skerp punt. Pansies ("galls") is dikwels teenwoordig.

Searsia lucida (blinktaaibos) is 'n regop struik, en sy nuwe jong blare is dikwels rooikleurig. Die blare is lepelvormig, bedek met 'n blink hars, en 'n effe gevlerkte petiole. As jy die blaar lamina vryf, word dit melkerig.

Daar is 3 laterale are per sentimeter. Die takke is meer horisontaal vertak.

Vervolgens sien ons ook die rankplante van *Leucospermum hypophyllocarpodendron* subsp. *hypophyllocarpodendron*, *Leucospermum pedunculatum*, *Leucospermum prostratum* en natuurlik 'n kruising tussen *Leucospermum hypophyllocarpodendron* subsp. *hypophyllocarpodendron* en *Leucospermum pedunculatum*, die sogenaamde "white-snakestem pincushion".



Leucospermum hypophyllocarpodendron subsp. *hypophyllocarpodendron*
(green-snakestem pincushion)



Leucospermum pedunculatum
(white-trailing pincushion)



Spatalla squamata kom slegs voor op sandsteen van die Agulhas-vlakte

Ons sien *Penaea mucronata*, *Helichrysum crispum*, *Metalasia erubescens*, *Gnidia pinifolia*, *Amphithalea speciosa*, *Spatalla squamata* ('n lid van die Proteaceae familie), *Staavia radiata*, *Gnidia oppositifolia*, *Achyranthemum mucronatum* (sinoniem: *Helichrysum chlorochrysum*), *Erica filipendula*, *Phaenocoma prolifera*, *Erica vestita* (wat baie mooi is), *Erica corifolia*, *Brunia laevis*, *Serruria elongata* (en daar is hordes bo-op Soetanysberg), *Leucospermum truncatulum*, *Lachnaea aurea*, *Restio persistens*, *Leucospermum cordifolium*, *Adenandra viscida*, *Protea speciosa* (ongelukkig nog net in die blomknop stadium), *Serruria fasciflora*, *Erica serrata*, groot plate van *Protea compacta*, veral tussen die sandsteen laer hoogtes en die kalksteenkoppies (waar net *Protea obtusifolia* voorkom); die uiters pragtige *Erica ampullacea*, *Tetraria thermalis* (wat baie lyk soos palmiet plante), die langsteel *Erica fascicularis* (kenmerkend op sy lang stingels, bo-op die berg), *Erica bruniifolia*, wit variante (of hibriede) van *Protea compacta* en *Protea obtusifolia*.



Serruria elongata op alkaliese sandsteen



Suur sandsteen met hordes *Protea compacta* – die Agulhas kuslyn lê in die verte



Ons nader die kalksteen bopunte van Soetanysberg (rooi pyltjie)



Kalksteen koppies (in rooi sirkels) bo-op die onderliggende sandsteen, met die geassosieerde plantegroei

Vervolgens sien ons ook *Chascanum cernuum*, *Metalasia calcicola*, *Stachys aethiopica*, *Lobelia pinifolia* teenaan die rowwe afklim helling, *Muraltia muraltioides* (endemies op kalksteen), *Roepera*

fuscata (endemies op kalksteen), *Eustegia minuta*, *Trichocephalus stipularis*, *Agathosma serpyllacea* en *Cliffortia ferruginea* met groter blare as wat ek sou verwag by *Cliffortia* spesies.



Roepera fuscata, 'n absolute endemiese kalksteen plant



Metalasia calcicola groei tussen die kalksteen klippe bo-op Soetanysberg

Metalasia calcicola is deel van 'n groter groep blombos struik (*Metalasia* spp.). Interessant is die spesie naam van *calcicola*, afgelei vanaf *calci-* vir 'kalk(steen)' en *cola* vir 'woning', bewoner bo-op kalksteen, of lief vir kalksteen!

fassinerende kalksteen fynbos, bo-op suur sandsteen fynbos, definieer. Die plante is absoluut aangepas by hulle substraat, daarom die rede hoekom hierdie plante so moeilik groei in 'n kwekery!

My plantlysie is heel lank, maar ek noem dit graag, met sommiges se foto's ter illustrasie. Ek kan ongelukkig nie al die mooi foto's plaas nie, maar wou net graag die

Ons waardering vir God se Skepping is ongelooflik, alhoewel my vriend verkies om eerder 'n evolusionis te wees.



Leucospermum truncatulum – 'n regte "limestone endemic", om die Engels te gebruik



Pelargonium betulinum



Tipiese kalksteen, met sy kalksteen fynbos



Ons geniet ons uitsig bo-op die kalksteen top van Soetanysberg

In Struisbaai, bo-en-behalwe *Mimetes saxatilis*, kry ons *Roepera fulva*, endemies tot kalksteen. Twee *Freesia* spesies in hierdie area is *Freesia leichtlinii* en *Freesia caryophyllacea*.

My stapdag eindig met papnat kouse, vol steekgrasse en selfs 'n bloedblaas op een van my tone, maar daar is niks wat combo calamari, geelvis en skyfies, saam met rooiwyn, 'n heerlike kaggelvuur en 'n volmaan, nie kan gesondmaak nie.



Freesia leichtlinii, 'n pragtige kalksteen spesialis

VERWYSINGS:

CURTIS-SCOTT, O., GOULDING, M., McMASTER, R., PRIVETT, S., STIRTON, C. 2020. *Field Guide to Renosterveld of the Overberg*. Struik Nature, Cape Town.

MANNING, J. 2018. *Field Guide to Fynbos*. 2nd ed. Struik Nature, Cape Town.

MUCINA, L. & RUTHERFORD, M.C. 2006. *The Vegetation of South Africa, Lesotho and Swaziland*. Strelitzia 19. South African National Biodiversity Institute, Pretoria.

MUSTART, P., COWLING, R., ALBERTYN, J., PATERSON-JONES, C. 2003. *Southern Overberg – South African Wild Flower Guide 8*. 2nd ed. Botanical Society of South Africa, Cape Town.

NORMAN, N. & WHITFIELD, G. 2006. *Geological Journeys*. Struik Publishers, Cape Town.

PRIVETT, S. & LUTZEYER, H. 2010. *Field Guide to the Flora of Grootbos Nature Reserve and the Walker Bay region*. Grootbos Foundation, Hermanus.

RAIMONDO, D., VON STADEN, L., FODEN, W., VICTOR, J.E., HELME, N.A., TURNER, R.C., et al. 2009. *Red List of South African plants 2009*. Strelitzia 25. South African National Biodiversity Institute, Pretoria.

REBELO, T. 2001. *Sasol Proteas A Field Guide of the Proteas of Southern Africa*. 2nd ed. Fernwood Press, Vlaeberg.


VON DÜRCKHEIM, H., VAN WYK, B., VAN DEN BERG, E., COATES PALGRAVE, M., JORDAAN, M. 2014. *Saklys van Suider-Afrikaanse Inheemse Bome*. Dendrologiese Vereniging van Suid-Afrika. Briza Publikasies, Pretoria.

The Flora of the Galápagos Islands

Dr Francois du Randt

I was very fortunate to visit these incredible archipelagos in 2018 on the Nemo II yacht and would like to give an insight in the natural history, volcanism, the origin of mangroves, the flora, mammals, reptiles, birdlife and a short insight in evolution.

As you fly into Baltra Island, where the International Airport is situated, you pay USD 100 conservation fee and go through a thorough search for anything foreign that you might bring into the wilderness of Galápagos. Please note that the name is pronounced as Galápagos, and not as Galapagos, as I knew it in my younger days.



Galápagos Islands (Photo: Internet)

The Galápagos Islands are volcanic in origin and situated in the Pacific Ocean, straddling the equator, about 960 km west of Ecuador in mainland South America, and 1 100 km from Costa Rica in Central America. The total land area of the archipelago is 7 882 km² and the coastline extends to 1 336 km. The islands stretch over a 320 km axis from east to west.

The Galápagos Islands were discovered in 1535. The fauna and flora have developed in isolation for many years. Charles Darwin visited these islands 300 years later and found the unique fauna and flora, which characterised these wonderful 'hot spot'. There is a

plant density of 68.7 species/1000 km². 43% of these species are endemic to Galápagos Islands.


The archipelago is made up of 19 islands, with a surface area of 1 km², or larger, and 42 islets or surfacing rocks. 13 islands are bigger than 10 km². The largest island is Isabela Island, which extends to a surface area of 4 588 km². The highest point in Galápagos is Vulcan Wolf on Isabela, which rises to 1 707 m. The highest point on Fernandina Island is Vulcan La Cumbre, 1 494 m above sea-level. Five of the islands are inhabited and the resident population is approaching 17 000 (census of 2000).

The climate of Galápagos is unusually dry for the tropics, although there are considerable differences between the islands and much annual variation. However, there are two distinct seasons: the warm, wet season (December to May) and the Garúa (misty) or dry season (June to November). The wet season is hot and humid and heavy rains can occur. The Garúa season brings a subtropical climate, with the higher parts of the main islands often clothed in cloud for days on end. The direction of the prevailing south-easterly and north-easterly trade winds means that the rainfall is concentrated on the southern and eastern slopes of the higher islands, the northern and western slopes being drier.

A number of ocean currents converge in Galápagos and these have a direct influence on the climate. The most important currents include the cold Humboldt (Coastal Peru) current from the south, and the warm Niño Flow from the north. To the west of the archipelago this meets the cold, easterly-flowing Cromwell Current that provides a rich source of food for many seabirds and marine mammals that occur in Galápagos.

On average one year in seven, the relative flow of warm currents is much greater than usual, resulting in an El Niño event, well known in Southern Africa.

The volcanoes on the Galápagos Islands are less than 2 million years old, making them fairly young islands. Most of the rocks on the islands are basalt in origin.



Pinnacle Rock, Bartolomé Island

There were a few controversies in the past with regards to the expanding sea-floor theory and Continental Drifting. If the ocean floor was created at ocean ridges (at several centimetres per year), somewhere else crust must be destroyed because the Earth's surface was considered to be more or less constant. It was soon realised that ocean trenches were the places where crust was destroyed. This became known as the Theory of Plate Tectonics, thus crust creation at ridges and destruction at trenches!

The Lithosphere (the outermost shell of the Earth) is divided into a number of separate rigid slabs, or plates, that are moving relative to one another. The zones where the plates make contact are called plate boundaries. They are the most geological active on the planet – with earthquakes and volcanic activity. They are usually associated with some topographic feature such as a mountain range, or trench.

The Lithosphere (the outermost shell of the Earth) is divided into a number of separate rigid slabs, or plates, that are moving relative to one another. The zones where the plates make contact are called plate boundaries. They are the most geological active on the planet – with earthquakes and volcanic activity. They are usually associated with some topographic feature such as a mountain range, or trench.


Galápagos is the meeting place of two submarine tectonic ridges, namely the Carnegie Ridge, west of South America, and the Cocos Ridge, south of Central America. The islands are situated on the northern border of the Nazca Plate, just underneath the Cocos Plate. The Nazca Plate is moving eastwards at a speed of 2 cm per annum, causing the upward rising of the Andes Mountain ranges.

Galápagos is thus a 'hot spot', an area of high thermic flux and intense seismic and volcanic activity, subject to almost annual eruptions. It is very much so part of the Pacific Ocean's Ring of Fire!


